# HERINNERINGE VAN MEVR. KATHARINA CORNELIA PETERS-LOUIS

Op 6 Desember j.l. is mevr. Katharina Cornelia Peters, 'n dogter van die bekende oud-Pretoriase skoolhoof mnr. Wessel Louis, in Den Haag (Nederland) oorlede.

Danksy die welwillendheid van mevr. Peters het die skrywer van haar 'n aantal besonderhede in verband met die Louis-gesin en die onderwys in die tagtiger jare van die vorige eeu in ons stad ontvang wat hy tans publiseer.

## NEDERLAND

Mnr. Wessel Louis is in 1845 te Raalte (prov. Overijsel, Nederland) gebore. Hy was onderwyser te Apeldoorn en daarna skoolhoof te Loenen aan de Vecht. Op aanbeveling van prof. P. Harting en prof. dr. C. B. Spruyt het Staatspresident Thomas F. Burgers tydens sy besoek aan Nederland besluit om mnr. Louis met die taak te belas om 'n skool op Potchefstroom op te rig.

Met 'n seilskip het mnr. Louis, sy eggenote (geb. M. van Veen) en die twee kinders Antoine en Katharina Cornelia uit Nederland vertrek. By die gesin was waarskynlik ook Wietsche de Wit as hulp in die huishouding.[1)]

## POTCHEFSTROOM

Van Port Natal het die gesin na Potchefstroom gegaan en in 1876 het mnr. Louis sy werk as skoolhoof aldaar begin. Oor hierdie tydperk kan die belangstellende leser meer besonderhede aantref in *"Potchefstroom* 1838-1938" nl. in dié hoofstuk waarin prof. dr. J. Chr. Coetzee die geskiedenis van die onderwys op Potchefstroom beskryf het (bls. 123 e.v.).

Aan hierdie hoofstuk ontleen ons die volgende opmerking, soos deur prof. dr. J. Chr. Coetzee uit 'n inspeksieverslag oorgeneem: *"Over 't algemeen levert de school bewijs van bekwaamheid, vlijt, en volharding. Inzonderheid de volharding en zelfopoffering van den hoofdonderwijzer tijdens den oorlog en daarna, in 't werken haast boven zijne krachten, om de school in stand te houden, verdient vermelding".*

Aangaande haar herinneringe aan die Potchefstroomse jare het mevr. Peters die volgende besonderhede aan die skrywer meegedeel: Die landreis na Potchefstroom is per ossewa volbring. Zoeloes was drywers en touleiers. Die geselskap het eers na Pretoria en vandaar na Potchefstroom gegaan.

Tydens die vyandelikhede op Potchefstroom (Eerste Vryheidsoorlog) het mevr. Louis haar besig gehou deur koeëls te smelt. Wanneer die skietery weer bedaar het, het die kinders na die tuin gehardloop om koeëls op te tel wat uit Engelse gewere afkomstig was. Jong Potchefstromers soos Daantjie van Graan, Bezuidenhout en Bodenstein het by dié geleent-

heid vir die sewentienjarige Katharina gesê: „Nooi, word soos jou ma".

Linne lakens en slope is tot pluksel uitgerafel waarvan dr. Poortman[2] dose vol gebruik het. As verbandmateriaal is repe linne gebruik. By mooi weer is hierdie werk in die tuin by die onderwyserswoning gedoen; was die weer ongunstig, dan is die voorkamer gebruik.

Op Potchefstroom is die gesin met twee dogters uitgebrei. Een van hulle was Gesina (in 1944 in Nederland oorlede).


In 1882 het die Superintendent van Onderwys, ds. S. J. du Toit, die skoolkommissie op Potchefstroom tweekéer toegespreek en by dié geleenthede o.m. verklaar dat Louis na Pretoria sou gaan om aldaar skoolhoof te word (Coetzee, bls. 189).

## PRETORIA

Aan die begin van 1883 het mnr. Louis met sy werksaamhede in die Hoofstad begin.

In verband hiermee skryf mevr. Peters o.m.: „Waar was 'n skoolgebou? By reënweer in 'n ou geboutjie, by sonskyn in die tuin."

Waar was die gesin in daardie dae woonagtig? Bygaande skets[3] gee 'n antwoord op hierdie vraag. Die woning waarin mnr. Louis met sy gesin gewoon het, het aan die Superintendent van Onderwys (ds. S. J. du Toit) behoort.




1. Woonhuis met erf. Eloff.
2. President S. J. P. Kruger.
3. Ferreira.
6. W. Louis tot 1884.
7. Nelmapius.
8. Meisiesskool van Mej. van Pommeren.
9. Landdroskantoor (later Poskantoor).
10. „Oude Kerk en school".[4]

Daarna, aldus mevr. Peters, was mnr. Louis in staat om die woonhuis te koop waarin Staatspresident Burgers in vroeër jare gewoon het. Dit

was aan Prinsloostraat, op die hoek van Kerkstraat. Die waenhuis is as skool en slaapvertrek gebruik en mnr. Louis het die koopsom van sy skoonvader in Nederland ontvang. Mnr. Louis het toe reeds 'n paar leerlinge losies verstrek nl. Nicolaas Smit, Koos Schoeman en die tweelinge Johannes en Antoine Kock.[5] Hierdie seuns het saam met die Louis-gesin van Potchefstroom na Pretoria gekom. Daarna het mnr. Louis begin spaar om 'n behoorlike skoolgebou te kan oprig. Hierdie gebou het voor die waenhuis verrys en uit vier groot vertrekke en een klein vertrekkie bestaan, In die kleinste vertrek het mnr. Kalt twee doofstom kinders ('n seun en 'n dogter) onderrig.

Die bou van die nuwe skool het, wanneer daar nie geld was nie, soms stilgestaan. Twee Nederlanders, Van Smalen en Pierneef, het die timmerwerk aan die skoolgebou gedoen. Deure en kosyne het kant en klaar uit Natal gekom. Die waterpas wat gebruik is was 'n stuk tou met 'n klip daaraan bevestig (Vermoedelik die skietlood—Skr.).

Indien die skrywer die gegewens van mevr. Peters in die regte verband vertolk, dan was dit hierdie skoolgebou wat swart potkleivloere gehad het. Die plafon was van seildoek gemaak en wanneer die wind gewaai het, het die „plafon" heen en weer beweeg.

Die erwe waarop die woonhuis en die skool gestaan het was deur mnr. Louis deur bemiddeling van Pres. Kruger van die Regering gekoop. „Ik weet nog dat mijne ouders zeiden men heeft geld nodig", aldus mevr. Peters.

Die nuwe skoolgebou is voltooi en het die naam *„Opleidingschool"* ontvang. Die gebou het, soos reeds vermeld, aan mnr. Louis behoort. Die President het daarvoor gesorg dat daar elke Saterdagoggend 'n aantal bandiete gestuur is om die vyf klaskamers te skrop en die meubels te poleer. Soms was daar kettinggangers onder die skoonmakers. Die werk het onder toesig van die reeds genoemde mej. Wietsche de Wit geskied en na afloop het elke gevangene 'n stuk brood ontvang.

Dan is die skoolgebou ook 'n tydlank as kerkgebou gebruik deur die Ned. Hervormde Gemeente. Was daar 'n aanddiens, dan het mnr. Louis lampe van die N.Z.A.S.M. ontvang. Hierdie lampe is dan op die eerste werkdag van die week deur skoolseuns terugbesorg.

Mevr. Peters vertel verder dat mnr. Cluysenaar (van die N.Z.A.S.M.) eendag vir mnr. Louis gesê het dat hy baie vir die spoorwegmaatskappy en die Kerk gedoen het. Hy was voornemens om mnr. Louis daarvoor te beloon. Daarop het mnr. Louis voorgestel om die Ned. Hervormde gemeente met 'n nagmaalstel te vereer. Hierdie geskenk het later, nadat die nuwe kerkgebou gereed was, soontoe verhuis.

Nadat die nuwe Staatsgimnasium tot stand gekom het, het mnr. Louis sy skoolgebou aan die Regering verhuur.

Verdere besonderhede.

In verband met die skool en die kosleerlinge skryf mevr. Peteres o.m.

die volgende besonderhede. Na die oorlog van 1880–1881 het daar geld oorgebly wat gebruik is om beurse aan Transvaalse leerlinge uit te deel. Vir hierdie beurse het in aanmerking gekom: seuns wie se vaders in die oorlog gesneuwel het, seuns wie se vaders tydens die oorlog gewond is, verdienstelike seuns. Mnr. Louis het sekretaris van hierdie kommissie geword. Applikante is aan 'n eksamen onderwerp. Van dié seuns wat die skool van mnr. Louis besoek het noem mevr. Peters: „Groot Piet" Grobler (familielid van die Staatspresident), Cornelis Weilbach (later regsgeleerde), Dewald Bodenstein (later professor), Jan Jurie Schoeman (later myningenieur), Mortimer Malherbe, „Dowe" Jan Celliers (later landmeter).[6]

Wietsche de Wit en Katharina Louis het brood vir die kosleerlinge gebak, terwyl Wietsche hul klere verstel en kouse gestop het. Die inwonende beurshouers het £4 per maand vir voeding en onderrig ontvang.

Verder was Jhr. C. Beelaerts van Blokland[7] drie jaar by Meester Louis gehuisves. Hoe ander leerlinge skoolgeld betaal het kon mevr. Peters nie meer onthou nie. *„Wel weet ik dat er pompoenen, gedroogde perziken en boter en* 1 *mud aardappels of zoete aardappels gegeven werd: dus ook ruilhandel, dan waren schoolgeld en boeken afbetaald"*.

Van die Nederlandse onderwysers wat onder mnr. Louis as hoof gewerk het noem mevr. Peters J. K. M. te Boekhorst, Van Coevorden, Boersma en Tromp. „Dr. Fockens gaf les in de oude school, natuurkundige proeven". Indien ons hierdie sin goed lees dan was dit in die ou skool aan Kerkplein. Oud-leerlinge van dr. Fockens het hierdie vermoede bevestig. Engels is steeds deur 'n gebore Engelsman doseer.[8]

Aangaande die woonhuis skryf mevr. Peters: *„Vanaf* 1885 *woonden wij aan 't marktplein; voordat wij daar kwamen wonen heeft er eene familie Jeppe ook gewoond. 't Huis was (een) erg onderkomen.* 1 *Muur van de studeerkamer viel eens in elkaar, de cellen van de vlijtige witte mieren hadden 't ondermijnd, planetarium totaal vernield. De globe nog intact toen metselde één outa de muur weer op. Gelukkig was niemand in 't vertrek. In* 1884 *is ons huis in handen van den Engelschman geweest. „The British Residency"'*.

Die woonhuis het 'n grasdak besit wat altyd deur Naturelle herstel is. Die huisskilder was eers Van Dalsum, later Van Schaick. Die gesin het voordat mnr. Louis sy intrek in die woonhuis op die hoek van Kerk- en Prinsloostraat geneem het, ook nog 'n jaar in die woning van regter Jorissen gewoon.

Die gesin het, tydens die verblyf in Pretoria, met drie lede uitgebrei. Agtereenvolgens is gebore: Wessel Christiaan, Ada Paulina en Harmen.

Wessel het in die omgang bekend gestaan as „Wessel Boemi". Hy is op Dingaansdag[9] in Pretoria gebore op die oomblik dat die kanon by die „Time Ball" gedreun het om die tyd aan te gee. Vandaar die goed bedoelde bynaam „Boemi".

Harmen is deur sy maats „Kierieman" genoem vanweë sy voorliefde

om in sy kinderjare met 'n knopkierie rond te stap.

Tydens of kort na die oorlog van 1899–1902 is die gesin terug na Nederland omdat mnr. Louis geweier het om die eed van getrouheid aan die Britse bewind af te lê. *„Toen Transvaal weg was leed Vader met onzen Oom Paul mede. 't Was alsof Oom Paul familie van ons was. Dit dacht ook menig Transvaalsche Boer,"* aldus mevr. Peters.

## NEDERLAND

Tenslotte nog 'n paar besonderhede aangaande die verdere lotgevalle van die gesin in Europa. Oud-skoolhoof en konrektor Wessel Louis is op 7 Maart 1917 in Nijmegen (Nederland) oorlede nadat sy eggenote hom reeds op 1 Augustus 1913 te Utrecht (Nederland) ontval het. Gesina Louis is tydens die berugte hongerwinter van 1944 in Nederland (Den Haag) oorlede. Harmen Louis het tydens die jongste wêreldoorlog in 'n Japanse kamp in Oos-Indië beswyk, terwyl Antoine Louis op 12 Augustus 1953 oorlede is. Hy was jare lang regter in Nederland-Oos-Indië. Hy is in Nederland oorlede, nadat Wessel Jnr. kort voor hom heengegaan het.

* * * *

Dit is dan, sy dit onvolledig, die lewensgeskiedenis van 'n staatmaker-onderwyser en 'n aantal van sy kinders wat 'n deel van hul lewensjare in die ou Hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek deurgebring het.

In verband met die vroeë geskiedenis van onderwys en opvoeding in Pretoria is die naam Louis vas verbind. Mag die naam en werk van hierdie bekwame onderwyser, wat dikwels ook die betroubare helper en raadgewer van Staatspresident Kruger was, in ere bly.

---

1) Mej. de Wit het volgens mevr. Peters agt jaar by die gesin *in Pretoria* gewerk. Of sy saam met die gesin uit Nederland gekom het? Mevr. Peters skryf: „Ik heb haar naar Pretoria gebracht." Mej. de Wit was uit die prov. Friesland afkomstig.

2) 'n Bekende Nederlandse geneesheer, Dr. Bernardus Poortman.

3) Hierdie skets is ontleen aan die skets van Jhr. Cornelis Beelaerts van Blokland. As grondslag het gedien 'n plan van Pretoria (1884–1897). Die nommers kom ooreen met dié wat voorkom op 'n plan wat gepubliseer is in Jhr. Dr. C. G. S. Sandberg se werk „Twintig jaar onder Krugers Boeren in voor- en tegenspoed" (Amsterdam, s.j., teenoor bls. 21). Tussen nommers 6 en 8 is Bosman-(Koch) straat.

4) Die skoolgebou is no. 10, die Ned. Hervormde pastorie no. 11. Die Kerkgebou was op Kerkplein. Tans staan die Paleis van Justisie op nos. 10 en 11.

5) Johannes H. M. Kock en Antonie F. Kock. (Beelaerts van Blokland, bls. 60).

6) Die bekende digter Jan F. E. Celliers.

7) Onder die titel „Transvaal" bestaan daar 'n besonder waardevolle geskrif opgestel en uitgegee deur tans wyle Jhr. C. Beelaerts van Blokland. Dit is nie in die handel verkrybaar nie. Dit bevat waardevolle gegewens in verband met mnr. Louis en sy skool en Pretoria in die tagtiger jare.

8) Vir verdere besonderhede o.m. die skrywer se werk: „Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder Ds. S J. du Toit en Dr. N. Mansvelt (1881—1900), Kaapstad.

9) Geboortejaar nie vermeld nie.

—. J. PLOEGER.